

## Christus-in-jou-leefstyl: 'n Fondasie vir Transformasie

### Gesonde Leefstyl | Verhouding met God

Na aanleiding van laasweek se nuusbrieff en die vraag oor hoe jou verhouding met jou mede-CBMC spanmaats lyk, was die terugvoer redelik goed. Die algemene konsensus was egter dat daar nog baie ruimte vir verbetering is.

Maandag, tydens my stiltetyd, vra die Here vir my: "Wat is die begin van 'n verhouding? Wat kan belangriker wees as om tyd met My te spandeer? Ja, dit is die eerste gebod, maar bo en behalwe dit, hoekom sal jy tyd met My wil spandeer? Is dit oor al die beloftes? Is dit oor alles wat jy nodig het?" En Sy antwoord: "Doen dit om My beter te leer ken!"

Wat kan belangriker wees as om op 'n gereelde, daaglikse basis tyd met God te spandeer? Verhoudings word gebou in tyd saam. Jy leer 'n persoon se karakter ken. Hoe goed ken jy die Drie Eenheid se karakter? God as Vader? Jesus as Verlosser en Vriend? Die Heilige Gees as die Een wat in ons woon? As die Instaatsteller van wat ons behoort te doen? Ek wil jou uitdaag om 'n studie te maak van die karaktereenskappe van God die Vader, Jesus en die Heilige Gees. Leer Hom ken vir wie Hy is en dit sal maklik wees om Hom lief te hê. (Kyk ook na die aangehegte **bladsy**).

Mat. 6:33 *"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*


Hier volg slegs 'n paar **verse**. Maak asseblief 'n behoorlike studie daarvan en gaan ondersoek dit ook verder in jou eie Bybelstudietyd. **Gaan lees die Afrikaans 83 en Amplified weergawe saam.** Baie waardevol.

Luk. 6:36		Joh. 3:16	
Mat. 5:48		Gal. 4:6	
2 Joh. 1:3		Rom. 8:15 -17	
Joh. 1:1-4 NLV		Heb. 10:23	
1 Kor. 1:9		Joh. 14:13-17	
Rom. 8:31, 35		Luk. 12:11-12	
1 Joh. 4:7-10		Ef. 1:5-8	
2 Kor. 1:3-4		Heb. 4:14-16	

In die ontdekking van God die Vader, Jesus en die Heilige Gees se karakter, sal jou liefde groei en sal dit 'n leefstyl word. Hy is 'n wonderlike, liefdevolle Vader! Abba Vader! Ken jy Hom so?

Geseënde week vir jou.

**Frik Janse van Rensburg**



## VERJAARDAE:

### Julie

15 Kobus Franken, Johan Strauss, Jaco van der Merwe

16 Christo Viljoen

17 Hannes Pelser

19 Eduan Basson, Hercules Nel

20 Salie Pretorius

21 Jurie Linstrom

## KALENDER:

Bid asb vir die volgende:

- CBMC **Uitreik** Strand, 19 Julie
- CBMC **Raadsvergadering** 30 & 31 Augustus
- Mighty Men Western Cape naweek, 20-22 September <https://www.mightymenwesterncape.org.za>
- **Global Leadership Summit 2019** <https://willowcreeksa.co.za/gls2019/> (kaartjies ook beskikbaar by Piet Swart 082 962 8926 ([piet@groen96.co.za](mailto:piet@groen96.co.za)))
- CBMC **Afrika-konferensie**, Kenya 17-19 Oktober (<http://www.cbmcafrica.com>) *One-Pager* ook ingesluit.

CBMC Bankbesonderhede:  
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB  
Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410

